# Volwasse voorgraadse studente se waarnemings oor hulle leerervarings op universiteit

---

Hoëronderwysinstellings regoor die wêreld ondervind 'n toename in die aantal ouer, volwasse studente en dit bring talle uitdagings vir hierdie instellings. In Namibië het 'n aantal ingrypings gelei tot 'n toename in die belangstelling en registrasie van ouer studente wat hoër kwalifikasies wil verwerf. 'n Ondersoek is gedoen om hierdie uitdagings te verstaan deur uit te vind wat die volwasse studente in voorgraadse programme se leerervarings aan die Universiteit van Namibië (UNAM) is. Die doel was om volwassenes se houdings teenoor onderrigmetodes en -strategieë te verstaan, asook die uitdagings wat hulle tydens hul studies beleef. Die studie het ook gekyk na faktore wat hulle leerervarings beïnvloed. Die data was in 'n teks formaat en is ontleed deur daarop te fokus hoe individue persoonlike betekenis heg aan 'n gebeurtenis.

Deur middel van individuele onderhoude en fokusgroepbesprekings is daar in die studie bevind dat ouer volwasse studente gemotiveerd is om voorgraadse kwalifikasies te behaal. Die redes daarvoor is deurlopende professionele ontwikkeling, kognitiewe belangstelling en die begeerte om gebreke in hulle vorige onderrig reg te stel. Daar is ook bevind dat hierdie ouer studente belangstel in 'n praktiese leerervaring. Verder het die studie vyf groot uitdagings wat die leerervarings van 'n volwasse student beïnvloed blootgestel: finansiële, situasionele en sielkundige hindernisse asook tegnologie, tydsbeperkings, swak administrasie en bestuur. Daar is ook bevind dat die kurrikulum van UNAM relevant is want die kursusinhoud is beide op datum en verstaanbaar. Nietemin het die data getoon dat daar 'n behoefte bestaan vir kursusinhoud wat meer van toepassing is binne die sosio-ekonomiese konteks in Afrika. Die data dui ook aan dat die onderrigstrategieë wat gebruik word nie aan die leerbehoeftes van die volwasse studente voldoen nie en dat deelname deur die leerders minimaal is.

Laastens het die gegewens ook getoon dat studenteondersteuningsdienste soos oriëntasie en registrasie glad verloop en dat die volwasse studente tevrede is met die ondersteuning vanaf dosente tydens konsultasies. Ouer studente maak baie gebruik van die informele portuur-ondersteuning wat beskikbaar is deur middel van mobiele toepassings wat deur tradisionele studente aangebied word. Ten slotte is daar bevind dat die ouer studente geïsoleerd voel en heelwat uitdagings in hulle aanpassing by die universiteits-lewe ondervind.

---

Pinias W. Kashedi

Studieleier: Prof Peter Rule